## GRAHAMSTAD VANJAAR 150 JAAR OUD

Dit is die jaar 1812. Kolonel Graham het sy opdrag met ywer en bekwaamheid uitgevoer. Met voldoening skryf die goewerneur, sir John Cradock, aan die Imperiale Regering dat al die Xhosas wat die Regering soveel hoofbrekens met hulle plundertogte besorg het, uit die gebied van sy Majesteit is.[1] Daar het nog slegs die afrondingswerk oorgebly . . . 'n paar militêre poste moes nog opgerig word om die Visrivier as grens te handhaaf. Kolonel Graham sou 'n gedeelte van hierdie afrondingswerk ook sy taak maak.

Na 'n deeglike ondersoek van die hele omgewing, ry kolonel Graham op 'n dag 'n pragtige vallei binne — seker een van die mooistes in dié gebied. Pragtig strek hierdie drie myl breë en vier myl lange vallei voor hom uit. 'n Paar spruite wat hulle oorsprong in die omliggende heuwels het, deurkruis die vallei om dan onder in die vallei saam te vloei om 'n rivier te vorm. Terwyl die Kolonel sy oë deur die vallei laat dwaal, herinner hy hom dat hierdie vallei geleë is op De Rietfontein, die plaas van die heer Lucas Meyer.[2]

Hy besluit om in dié vallei te oornag en sy keuse vir 'n kampterrein val op 'n redelik gelyk oppervlakte onder 'n groot mimosa. Dit is op hierdie spesifieke plek dat kolonel Graham in 1812 besluit het om die militêre pos in die vallei waarin hy oornag het, op te rig. Op 14 Augustus 1812 is offisieel aangekondig dat die Suurveld se hoofkwartier bekend sal staan as Graham's Town. Die militêre pos is juis na kolonel Graham vernoem, as blyk van sir John Cradock se dankbaarheid vir die diens gelewer deur die Kolonel, aan wie se bekwaamheid dit te danke is, dat die Xhosas oor die Visrivier verdryf is.[3]

Hierdie boom waaronder kolonel Graham die eerste nag kamp opgeslaan het, is in later jare baie goed deur die inwoners van Grahamstad versorg. Die mimosa wat aan die bopunt van die huidige Highstraat, regoor die Poskantoor van vandag, gestaan het, het van die inwoners van Grahamstad die naam „Graham's Tree" gekry.[4] Volgens oorlewering het die Kolonel ten tye van sy eerste kamp onder die boom, 'n spyker in die boom ingeslaan waaraan hy sy swaard sou opgehang het. Ook hierdie spyker was baie goed sigbaar totdat die boom in 1844 tydens 'n groot storm omgewaai het. Die plek waar hierdie boom gestaan het en waar kolonel Graham sy kamp in 1812 opgeslaan het, word vandag deur 'n mooi monumentjie in Highstraat aangedui.

John Graham is op 24 April 1778 as die tweede seun van Robert Graham van Fintry, in die graafskap van Forfarshire, Skotland, gebore.[5] Vroeg reeds is bepaal dat John Graham 'n militêre loopbaan sou volg. Sy eerste kennismaking met die Kaap was op 6 Januarie 1806 toe hy in bevel was van een van die bataljons tydens die oorname van die Kaap deur die Engelse.

1. Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. en Geyer, A. L.: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1, p. 227.
2. Sheffield, T.: *The Story of the Settlement*, p. 89.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid., p. 83.



*Kolonel John Graham na wie Grahamstad vernoem is.*
(Foto: Cory-Biblioteek, Grahamstad.)

Aan die begin was die garnisoen in Grahamstad maar klein. Daar was in die vallei twee redelike forte, die een bekend as die East Barracks, wat geleë was op die terrein waar die sielsiekehospitaal vandag staan. Verder was daar nog hoër op in die vallei drie kleiner forte en 'n paar swakgeboude huise. Grahamstad was slegs 'n militêre pos in die ware sin van die woord en niks meer nie; van strate en ander dorpsgeriewe was daar geen sprake nie en bosse en bome het die paar geboue van mekaar geskei.

Teen 1818 het die grensboere weer groot verliese gely as gevolg van die Xhosas se veediefstal. Die grensboere het dan ook herhaaldelik vertoë tot die nuwe goewerneur, lord Charles Somerset, gerig, om strafekspedisies teen die plunderaars en veediewe uit te stuur.[6] Terwyl luitenant-kolonel Brereton op 'n strafekspedisie in Kafferland was, het die Xhosas onder aansporing van Makana die Kolonie binnegeval. Makana het 'n magiese invloed op sy rasgenote gehad. Deur die meeste Xhosas is hy as profeet vereer. Hy het hulle onder die indruk gebring dat hy 'n opdrag van die voorvadergeeste ontvang het om die witman in die see te jaag. Hy het duisende Xhosas om hom ver-

6. Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. en Geyer, A. L.: op. cit., p. 235.

gader en voordat kolonel Brereton hiervan te hore kon kom, het hulle die Kolonie binnegeval. Grahamstad het reg in die pad van hierdie strydlustige en bloeddorstige hordes gelê. Volkome uitwissing het kolonel Wilshire en sy handjievol manskappe in die gesig gestaar. Sou hierdie militêre pos wat so kort gelede in die lewe geroep is, so gou reeds van sy funksie onthef word? Hoe sou die militêre pos hom kwyt van die taak waarvoor hy daar gestel is?

Hierdie geskiedkundige Slag van Grahamstad het op die middag van 22 April 1819 plaasgevind.[7] Drie dae voor die aanval het kolonel Wilshire se naturelle-tolk hom ingelig, — soos dit later geblyk het, om die slaankrag van die blanke troepe by die militêre pos te verswak —, dat hy 'n „geraas gehoor het in die rigting van Kafferdrif", bedoelende hiermee dat die vyand in daardie rigting besig was om te vergader ten einde 'n aanval op die militêre pos te loods. Hierdie tolk, Klaas Nuku, was 'n vertroueling van Makana, en was deeglik daarvan bewus dat Makana vanuit 'n heel ander rigting in opmars is, as wat hy aan kolonel Wilshire meegedeel het.[8] Die Kolonel het hom egter in hierdie lokval laat lei en 'n honderd soldate in die rigting gestuur wat deur Nuka aangewys is. Met die vertrek van hiérdie manskappe het daar slegs driehonderd-en-vyftig weerbare manne by die militêre pos agtergebly. Die honderd soldate het eers teruggekeer nadat die aanslag op die militêre pos afgeweer was.

Dit was die Hottentot-kaptein, Boezac, wat die nuus van die aankomende Makana aan kolonel Wilshire op die oggend van 22 April 1819 gebring het.[9] Dit was 'n bestiering dat Boezac en sy buffeljagters juis op daárdie oggend in Grahamstad aangekom het. Die Kolonel het by die aanhoor van hierdie nuus onmiddellik met tien manskappe vertrek om Makana se posisie vas te stel. Onverwags het hulle op 'n deel van die impi afgekom waar hulle vir 'n wyle sit en rus het. Die Kolonel was aan die naturelle bekend en dit was slegs die vlugheid van sy perd Blutcher wat hom van die dood laat ontkom het. In aller yl het hulle na Grahamstad teruggejaag om gereed te maak vir die geveg.

Die tienduisend swart krygsmanne, vervul met 'n bloeddorstige gees van verwoesting, het die handjievol blankes onder in die vallei in 'n half verspotte en verpiepte lig gestel. Wat getalle betref, sou dit beslis 'n ongelyke kragmeting wees. Kolonel Wilshire het besef dat alleen vinnige optrede die militêre pos sou kon red van volkome uitwissing.[10] Haastig het hy sy manskappe opgestel en gereed gemaak vir die geveg. Die twee ses-ponders wat gelukkig by die garnisoen agtergelaat is, is net anderkant die spruit teen die heuweltjie, in die omgewing van die huidige spoorwegstasie, opgestel. Twee groepe soldate sou die aanvallers voor die veglinie tegemoet gaan en dan weer terugval om die Xhosas sodoende tot in die wagtende linie in te lok, waar onder andere die twee kanonne op hulle gewag het. Twee ander groepe soldate sou onderskeidelik die hoofkwartier en die dorp verdedig.

7. Sheffield, T.: op. cit., p. 99.
8. Stretch, C. L.: *Expulsion of the 'Slambie Tribes and Gonaquas from the Zuurveldt in 1811-12*, p. 7.
9. Ibid.
10. Sheffield, T.: op. cit., p. 99.


Teen hierdie tyd het die horlosie reeds aangestap tot twee-uur die middag. Vanaf een van die omliggende heuwels het Makana sy impi se optrede dopgehou. Oor die vallei het daar 'n tasbare stilte toegesak waarvan die uitwerking op elkeen se afwagtende gesig leesbaar was. Almal het in spanning gewag — die blankes in die vallei op die aanval van die Xhosas en die Xhosas op hulle beurt weer op Makana se aanvalsbevel. Die flanke van Makana se groot impi is na links en regs uitgebrei om die verdedigingslinie te omsingel, terwyl 'n mag van vierduisend Xhosas in twee verdeel het om die hoofkwartier en die ander forte onderskeidelik aan te val. Makana kon geen gunstiger aanvalterrein gekies het nie. Die heuwel sak geleidelik in die vallei af tot aan die eerste spruit. Anderkant die spruit styg die landskap weer en dit is op hierdie styging waar die hoofkwartier en die ander forte en huise geleë was. Gelukkig het net 'n paar van die Xhosas gewere gehad en met hulle kort asgaaie moes hulle spoedig wyk voor die blankes se geweervuur. Kolonel Wilshire en sy handjievol soldate saam met Boezac en sy buffeljagters, het hulle uiters knap van hulle taak gekwyt. Die naturelle was ontmoedig deur die koppige weerstand wat hulle mee te doen gekry het; hulle was verdwaas as gevolg van die aaklige gevolge van die blankes se wapens; hulle was moeg, moeg miskien van wag vir die voorvadergeeste wat nie, soos Makana voorspel het, opgestaan het uit die grafte om hulle te help teen die blankes nie. As gevolg van die slagting onder hulle kamerade was hulle daarvan oortuig dat die koeëls van die blankes van harder bestanddele as water gemaak was![11] Hulle het omgedraai en langs die hele linie op die vlug geslaan. Die geveg wat die middag om twee-uur begin het, was om vyf-uur verby.

Vir so 'n kort geveg was die slagting groot. Om en by tweeduisend Xhosas het oor die slagveld verstrooid gelê, terwyl slegs drie blankes omgekom het.[12] Baie Xhosas het langs die spruit wat onder die huidige Fort England verby vloei, aan hulle wonde omgekom. Dit word vertel dat baie van die gewonde Xhosas bondels gras in die koeëlwonde gedruk het om die bloeding so te probeer keer.[13] Volgens oorlewering was bogenoemde spruit rooi van die bloed na die geveg. Dat hierdie bewering waar kan wees, is hoogswaarskynlik, aangesien so 'n hewige geveg só naby die spruit, so 'n verskynsel tot gevolg kon hê. Die gewonde Xhosas het hulle daar in die water probeer versteek en baie is dan ook daar in die water dood. Sommige is deur hulle vriende uit die water getrek en haastig weggedra; maar die spruit was so te sê verstop van die dooies en dae na die geveg het die lyke nog bo die water verskyn.[14]

As hierdie Xhosa-aanval in die nag sou plaasgevind het, sou geen menslike krag Grahamstad van totale uitwissing kon gered het nie. Die feit dat die aanval nie in die nag gedoen is nie, moet toegeskryf word aan Makana se verwaandheid, wat sy impi se opmars 'n wyle vertraag het om aan kolonel Wilshire 'n boodskap te stuur dat hy die volgende oggend saam met hom

11. Ibid., p. 111.
12. Stretch, C. L.: op. cit., p. 9.
13. Ibid.
14. Sheffield, T.: op. cit., p. 113.

ontbyt sou nuttig![15] C. L. Stretch meld dat Makana so seker van sy oorwinning oor kolonel Wilshire was, dat daar duisende meide en kinders met hulle matte, potte en ander kookgereedskap op die heuwels van Grahamstad gewag het, gereed om die vallei in besit te neem sodra Makana die oorwinning beklink.[16] Die verloop van die geveg het egter teen hulle verwagting in 'n heel ander wending geneem. Grahamstad se voortbestaan was vereers verseker totdat 'n tweede bedreiging van 'n heel ander aard, sy kop sou uitsteek.



*Plan van Grahamstad in 1814.*
(Foto: Cory-Biblioteek, Grahamstad.)

Dit was werklik 'n aangename en mooi omgewing waarin die militêre pos gelê het. Kolonel Graham het 'n goeie keuse gedoen. Die vroegste verwysing na Grahamstad as dorp vind ons in ds. Latrobe se *Journal of a visit to South Africa, 1815-1816*, wat in 1818 verskyn het. Die landkaart wat in die Joernaal verskyn, dui Grahamstad nie aan nie. Ook wil dit voorkom uit ds. Latrobe se beskrywings of hy nie nader aan Grahamstad gekom het as tot by 'n minder bekende militêre pos naby Cookhouse nie. Op een plek in sy Joernal praat hy van 'n sekere kaptein Terry wat hy by Kourney ontmoet het en wat baie moeg en uitgeput was na 'n rit vanaf Grahamstown; op 'n ander plek skryf hy weer van sekere Hottentotte wat lede was van mnr. Vanderhage se gemeente in Grahamstown; en ten slotte weer waar hy saam met

15. Ibid., p. 115.
16. Stretch, C. L.: op. cit., p. 10.

kolonel Cuyler geëet het op Uitenhage in die geselskap van die assistent-landdros van Grahamstown en twee ander offisiere.

Toe die eerste Britse Setlaars op 9 April 1829 in Algoabaai geland het, was daar in Grahamstad, behalwe die militêre barakke, sowat twaalf tot vyftien huise.[17] Toe die Setlaars se waens Grahamstad binnegetrek het, was daar nog geen gevormde strate nie en hulle het op die terrein waar Highstraat vandag is, uitgespan — op dieselfde terrein waar „Graham's Tree" gestaan het. Waar vandag die mooi breë straat is, met die St. George's Katedraal aan die een end en die historiese Drosdy-hek aan die ander end, het die Setlaars se osse gewei en in die moeras in die laer gebiede in die vallei, het die osse water gesuip.

So ver vasgestel kan word, het geen Setlaars hulle aanvanklik in Grahamstad self gevestig nie, maar as gevolg van talryke probleme op hulle plase, het baie wel later na Grahamstad getrek om hulle daar in een of ander ambag te begeef. Onder hiérdie Setlaars was daar 'n sekere mnr. Wicks wat onder andere die eerste Setlaarshuis in Grahamstad gebou het.[18] Ook in ander dele van die dorp het Setlaarshuise begin opspring.

Die koms van die Britse Setlaars het aan die begin vir die voortbestaan van Grahamstad 'n ernstige bedreiging ingehou. Die naaste dorp aan die Setlaarsnedersetting was Grahamstad, maar dié was omtrent vyf-en-twintig myl ten noorde van die nedersetting. Vir die gerief van die Setlaars en vir 'n meer effektiewe administrasie van die nedersetting het die waarnemende goewerneur Donkin besluit om 'n nuwe dorp aan te lê wat min of meer in die middel van die Setlaarsgemeenskap sou lê. Vir hierdie doel het hy 'n terrein op 'n sytak van die Kowie, omtrent nege myl van die see, gekies. In Mei 1820 het Donkin 'n sekere kaptein Trappes gekies om die administrasie van die hele nedersetting op hom te neem.[19]

Donkin se beoogde dorp sou Bathurst heet, vernoem na die Britse minister van Koloniale Sake. Om die groei en ontwikkeling van Bathurst te bevorder, is erwe opgesny, agt waarvan aan persone gegee is wat onderneem het om die eerste huise te bou en die res is verkoop teen billike pryse. Met indrukwekkende seremonie is die hoeksteen van die drosdy in November 1820 gelê, maar die bouwerk het so stadig gevorder, dat die administratiewe werk van die nedersetting vir 'n geruime tyd in 'n tent voortgesit is.[20] Die volgende maand het Donkin 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens die Keiskama verklaar is as die oostelike grens van die Kolonie en die hele Suurveld, insluitende sekere dele van die distrik Uitenhage. 'n Nuwe distrik, genaamd Albanie, is geproklameer. Bathurst sou die hoofdorp van Albanie wees en as sodanig ook die setel van die magistraat. Dit was Donkin se voorneme om by die voltooiing van die drosdy op Bathurst, die hele siviele administrasie van die nuut geproklomeerde distrik vanaf Grahamstad na Bathurst te verskuif. Voordat hy egter tot hierdie stap kon oorgaan, het lord Charles Somerset teruggekeer van sy vakansie in Engeland en die waarne-

17. Sheffield, T.: op. cit., p. 206.
18. Ibid., p. 209.
19. Hockly, H. E.: *The Story of the British Settlers in South Africa*, p. 72.
20. Ibid., p. 73.



*Grahamstad in 1823. Die oorspronklike drosdy met die platdak kan in die agtergrond gesien word.*

mende goewerneur se hele skema het in duie gestort — tot groot verligting van die inwoners van Grahamstad en tot groot teleurstelling van die inwoners van Bathurst.

In Februarie 1822 het 'n proklomasie van lord Charles Somerset bepaal dat die rondgaande hof in die toekoms sy sitting in Grahamstad sal hê en nie op Bathurst nie. Verder het hy bepaal dat Grahamstad voortaan die setel van die magistraat sal wees. Hierdie proklomasie het onmiddellik 'n einde gemaak aan die moontlikheid dat Bathurst kon ontwikkel tot 'n vooruitstrewende dorp. Vandag is dit nie eintlik groter as wat dit in 1822 was nie — 'n skilderagtige dog onbelangrike klein dorpie. Vir die tweede en laaste keer was Grahamstad se toekoms in die weegskaal. Van nou af sou Grahamstad vinnig ontwikkel as 'n gevestigde dorp.

Talle huise het oral in Grahamstad opgeskiet. In November 1822 is die eerste kerkgebou ten ooste van die Sondagsrivier in Grahamstad opgerig, om 'n maand later gevolg te word deur die tweede in Salem.[21] Hierdie eerste kerkgebou het tot 'n paar jaar gelede nog in Chapelstraat gestaan, waar dit die laaste jare as pakhuis diens gedoen het. In 1824 is daar op die huidige standplaas van die katedraal, die St. George's Kerk opgerig. Die vooruitgang van Grahamstad in die eerste agt jaar na die koms van die Britse Setlaars, was vinnig. Nie minder as vierhonderd geboue is in hierdie tyd opgerig nie.

21. Ibid., p. 186.

Die inwoners van Grahamstad het 'n florerende handel gedryf met die naturelle. Die boere in die omgewing van Grahamstad was vooruitstrewend.

Die strate in Grahamstad het geleidelik begin vorm aanneem en groot stukke tuingrond is spoedig bebou. In die spruit aan die onderpunt van Hillstraat, waar daar vandag 'n netjiese brug is, was daar in hierdie jare 'n klompie klippe gepak met behulp waarvan voetgangers die spruit kon kruis. In die aand, veral as die maan nie geskyn het nie, was dit baie moeilik om die klippe te sien en het die dorpenaars dit ietwat moeilik gevind om deur die spruit te kom. In die onmiddellike omgewing van hierdie primitiewe oorgang het die huis van 'n sekere mnr. Shepherd gestaan. Hierdie mnr. Shepherd sou die ongerief in verband met die oorgang oor die rivier in die nag, ietwat verlig. Sy huis het later bekend gestaan as die „Lighthouse", aangesien hy teen 'n geringe vergoeding van die stadsvaders snags 'n kers in een van die vensters van sy huis laat brand het om lig te verskaf aan die voetgangers.[22]

Met die vinnige ontwikkeling van Grahamstad het natuurlikerwyse ook skole ontstaan, waarvan die eerstes onder beheer van C. Crubb, C. Hyman, James Hancock en W. Howard gestaan het. By gebrek aan papier en leie, het Crubb sy leerlinge in sandkassies laat skryf.[23] As daar miskien meer leerlinge was wat wou skryf as wat daar sandkassies beskikbaar was, moes hulle gou na die rivier hardloop om daar vars sand in die rivierbedding te gaan haal, alvorens hulle kon begin skryf. Dit is interessant om daarop te let dat Grahamstad, wat oorspronklik as 'n militêre buitepos begin het en later hoofsaaklik ontwikkel het tot 'n handelspos, uiteindelik die toonaangewende opvoedkundige sentrum in die Kolonie geword het.

Dan was daar ook nog in die dorp die plekke wat minder aangenaam vir die oog was, nl. die openbare folterplekke en die galge. Hier is daar, ten aanskoue van die publiek, lyfstraf toegedien aan weerbarstige naturelle en aan dronk en propagandistiese blanke mans. Meer ernstige oortredings wat met die dood gestraf is, is op openbare galge voltrek.[24] Hierdie tonele het afgespeel in die omgewing van die huidige spoorwegstasie. Die kinders van Grahamstad het hierdie tonele wat hulle hier afgespeel het, altyd besonder interessant gevind.

Talle verhale word vertel van hoe die inwoners van Grahamstad gereageer het op 'n aankondiging as 'n naturelle-gevaar die dorp bedreig. Skilderagtig is die vertellings van die mans wat op hulle perde deur die strate gegaloppeer het om die gevaar af te weer en hoedat die vrouens en kinders en die bejaardes na die St. George's Kerk gevlug het om hulle daar te gaan verskuil totdat die gevaar afgeweer is. Die heuwels om Grahamstad is dikwels snags deur mans en seuns gepatroleer om moontlike aanvalle van die naturelle in die kiem te smoor.

Die *Graham's Town Journal* was eens op 'n tyd die invloedrykste en die mees gelese koerant in die Kolonie, en sy invloed op die gebied van die algemene denke en ook op die gebied van die rigtinggewende politieke denke,

22. Sheffield, T.: op. cit., pp. 213-214.
23. Ibid., p. 219.
24. Ibid., pp. 220-221.

was groot. Op Vrydag 30 Desember 1831 het hierdie koerantjie vir die eerste keer verskyn.[25] Die redakteur, 'n sekere mnr. L. H. Meurant, het onder andere in sy inleidingsartikel in hierdie eerste uitgawe geskryf: „The importance of Graham's Town as a Commercial Station alone, seems sufficient to entitle it to a Local Newspaper; or in other words, appears to ensure adequate remunerations to the Proprietor."[26] Hy skryf verder dat dit haas ongelooflik is, dat 'n plaaslike koerant so lank agterweë gebly het in so 'n aktiewe en intelligente gemeenskap soos dié van Grahamstad. Die koerantjie sou elke Vrydag verskyn. Dit was in hierdie *Graham's Town Journal* dat Piet Retief op 2 Februarie 1837 sy *Manifes* gepubliseer het.

Robert Godlonton was 'n sterk steunpilaar vir die *Graham's Town Journal*. Hy was die klerk van die Siviele Kommissaris van Albanie, maar ten spyte van sy vele werksaamhede het Godlonton nog tyd gevind om hand by te sit met die koerant. Kort na die stigting van hierdie koerant het Godlonton egter sy betrekking neergelê om hom voltyds aan die joernalistiek te wei. Robert Godlonton was die mondstuk van die Britse Setlaars; die vegter vir hulle regte en die verdediger en beskermheer van hulle voorregte.[27]

Dit is interessant om te weet dat hierdie *Graham's Town Journal* vandag nog verskyn in Grahamstad, hoewel onder 'n ander naam. As gevolg hiervan is hierdie koerantjie die oudste koerant in Suidelike Afrika wat nog sonder onderbreking in omloop is — moontlik die oudste op die vasteland van Afrika !

Met die vinnige uitbreiding van die dorp het die inwoners tussen die jare 1831 en 1832 begin agiteer vir munisipale instellings. Dit was egter nie voor 1837 dat daar aan Grahamstad 'n munisipale raad toegestaan is nie. Die dorp is in agt wyke verdeel en agt kommissarisse is in Junie 1837 vir drie jaar verkies. Joseph Latham is as die eerste stadsklerk aangestel met 'n salaris van R160 per jaar.[28]

Die kommissarisse het dadelik begin om aan die dorp 'n permanente watervoorsiening te verseker, maar daar het nie veel van hulle aanvanklike planne tot stand gekom nie, met die uitsondering van die gelykmaak van Highstraat, aangesien die fondse tot hulle beskikking uiters beperk was. Die dorp is van water voorsien deur middel van watervore wat agter om die Botaniese tuin geloop het na 'n tenk agter die huidige Drosdyhek. Hierdie tenk was van 'n pomp voorsien en van hier af is die surpluswater met primitiewe oop vore langs die vernaamste strate gelei. Die kommissarisse het hulle nou sterk beywer vir die oprigting van 'n reservoir asook vir die uitlê en die toemaak van die watervore. Soggens voordat die seuns skool toe is, het hulle altyd eers water gaan pomp vir hulle huise se daaglikse gebruik by die tenk agter die Drosdyhek.

In 1857 het Grahamstad sy eerste biskop gekry in die persoon van

25. *Graham's Town Journal*, Friday, 30 December 1831.
26. Ibid.
27. Hockly, H. E.: op. cit., p. 146.
28. Sheffield, T.: op. cit., p. 216. (Beaufort-Wes was die eerste dorp in die Kaapkolonie wat 'n munisipale raad gehad het.)

biskop Armstrong.[29] Vir hierdie doel is daar 'n fonds van R20,000 in die lewe geroep, hoofsaaklik deur bemiddeling van mej. Burdett-Coutts. Kort na sy aankoms is biskop Armstrong egter oorlede. Hy is opgevolg deur biskop Cotteril en toe laasgenoemde in 1869 na Edenburgh verhuis het, is hy deur biskop Webb opgevolg.

In 1862 is die ou kommissarisse vervang deur 'n stadsraad. Hierdie stadsraad het uit 24 lede bestaan, drie vir elke wyk. Die eerste burgemeester was Geo. Wood junior wat 'n paar jaar later deur sy broer John Edwin Wood opgevolg is.[30]

In 1864 is Grahamstad besonder vereer toe sir Philip Woodhouse bepaal het dat die parlementsitting vir daardie jaar in Grahamstad sou plaasvind. In hierdie jare was daar 'n sterk gevoel in die Oostelike Provinsie om af te skei van die res van die Kaapkolonie. Die Oostelike Provinsie was dan ook besonder in hulle skik toe hierdie eer hulle te beurt geval het. Hierdie afskeiding het egter nooit plaasgevind nie. As dit wel sou gebeur het, sou Grahamstad beslis die setel van die nuwe regering gewees het.

Dit is maar 'n paar grepe uit die romantiese geskiedenis van die ou militêre pos aan die vroeëre Oosgrens. Vanjaar vier Grahamstad sy honderd-en-vyftigste verjaarsdag en as jy so deur die strate van hierdie geskiedkundige dorp stap, spreek die verlede duidelik tot jou. Dan raak jy diep bewus van die groot aandeel wat Grahamstad gehad het in die oopstelling van die binneland van Suidelike Afrika.

O. Geyser.

29. Ibid., p. 231.
30. Ibid.